### Die bekleding van die gesuiwerde siel

**50** Toe swyg Zorel `n rukkie en Zinka vra: "Hoe sien hy dit dan alles en hoe kan hy nou deur die water gaan, terwyl hy daar so onbeweeglik lê asof hy dood is!"

[2] Ek sê: "Sy siel sien nou slegs die omstandighede wat haar in `n goeie rigting stuur. Daaruit vorm daar in die siel `n eie wêreld, en dit wat jy hier `n gedagtegang noem, word in die sieleryk sigbaar as `n beweeg van die een plek na `n ander.

[3] Die dam wat uit sy trane ontstaan het en waarvan die water sy siel genees het stel sy berou voor oor die begane sonde en die bad daarin beteken opregte boetedoening, wat uit berou voortkom. Die suiwer water beteken die teregte erkenning van sy skulde en gebreke; en as die dam `n meer word, is dit die uitdrukking van die toeneem van die wil om uit homself gereinig en genees te word. Die mooi gras onder die water beteken die hoop op die bereiking van volledige gesondheid en hoër, vrye barmhartigheid van Elohim, wat hom reeds sigbaar opstel aan die nog ietwat verwyderde oewer; dit is Ekself na gees en wil. Die beweging in My rigting deur die water van opregte berou en ware boetedoening, beteken as sodanig die voortskryding van die siel na ware beterskap.

[4] Dit alles is egter vir sy siel slegs `n paslike beeld waaraan die siel sien hoe haar aard is en wat haar, om haarself te verbeter, in haar hart voorneem en doen - in hierdie toestand weliswaar slegs as uiting van haar wil, sonder `n uitwendige, werklike daad. Dié moet eers volg as sy in `n ontwaakte toestand weer heeltemal met haar liggaam verenig sal wees.

[5] Nou sal hy weldra by My wees en dadelik weer begin praat. Let maar goed op, alles wat hy nou in woorde stel, sal ooreenkom met sy innerlike sieletoestand! Daar sal nog heelwat verwarring sigbaar word voordat hy in die derde stadium, dit wil sê, voordat hy in voorlopige verbinding met sy suiwere lewenskiem sal kom.

[6] In die derde stadium sal julle dan wel merk hoe samehangend en hoe wys hy sal praat! Nou praat slegs sy siel wat vir hierdie oomblik gelouter is, maar in die derde stadium sal sy gees die woord neem! En dan sal julle glad geen leemtes meer in hom ontdek nie, dan sal hy woorde gebruik waarby julle almal warm om die hart sal word!

[7] Daar bereik hy reeds die oewer en sê:' Ag, dit was tog `n moeilike tog! Ek het u nou tog bereik, edele vriend! Het u geen hemp by u nie? Kyk, ek skaam my vreeslik vir my naaktheid!'

[8] Ek antwoord vanuit My gees en wil, wat nou vir hom sigbaar is: 'Kom uit die water, jou dade sal bepaal hoe jy geklee word!'

[9] Zorel se siel sê: 'O vriend, praat nie oor my dade nie, want dit is louter sleg en boos! As my kleed daarna moet lyk, sal dit daar ontsettend swart en soos vodde uitsien!'

[10] Ek sê: 'In daardie geval is hier tog water genoeg om dit wit te was!'

[11] Zorel sê: 'O vriend, dit is `n onbegonne taak! Dit sal nie slaag nie! Maar iets is altyd beter as glad niks nie. Daarom kom ek uit die water uit!'

[12] Aan My voete lê `n toga met baie plooie, maar baie vuil, hoewel die oorspronklike kleur witgrys is - die kenmerkende kleur van die kleding van heidene in die geesteryk. Hy neem die kleed en walg van die vuilheid, wat `n goeie teken is. Maar hy neem dit tog, gaan egter vinnig daarmee na die water en begin dit te vryf en uit te spoel en uiteindelik uit te wring.

[13] Nou is hy klaar en die kleed is skoon. Omdat dit egter nog nat is, het hy nie die moed om dit sommer aan te trek nie. Ek maak dit egter vir hom duidelik dat hy dit tog moet aantrek. Hy was voorheen tog ook nie bang vir die water nie, waarom sou hy dan nou `n hekel hê aan `n kleed wat nog `n bietjie nat is?! Dan sê hy - luister maar, want dit sal hy hardop sê! -:

[14] Zorel: "Dit is ook so! Daardie hele meer het my netnou niks gedoen nie, en sal hierdie nat jas my dan nou tog iets kan aandoen? Trek dit maar aan! - Ag, dit doen my goed!"

### Die eteriese liggaam van die siel en haar sintuie

**51** Toe stel Zinka in sy gedagtes die vraag: "Het die siel dan ook `n liggaam?"

[2] Zinka vra hom dit af omdat hyself geen floue idee gehad het van die uiterlike en die aard van `n siel nie. Want volgens die normale Judese denkbeeld, is die siel `n soort newelige niks, en hulle sê: "die siel is `n suiwer gees, wat `n verstand en `n wil het, maar deurgaans geen gestalte en nog minder `n soort liggaam het nie."

3] Zinka sper daarom sy oë groot oop toe Zorel hom op die gedagtevraag antwoord: "Og kom, natuurlik het die siel ook `n liggaam, dit is weliswaar eteries, maar vir die siel is haar liggaam net so volmaak soos die vleeslike liggaam vir `n stoflike mens. Die sieleliggaam het ook alles wat `n vleeslike liggaam het. Met jou stoflike oë sien jy dit weliswaar nie, maar ek kan alles sien, hoor, voel, ruik en proe. Want ook die siel het dieselfde sintuie wat die liggaam het vir die kommunikasie tussen homself en sy siel.

[4] Die liggaamlike sintuie is die leisels in die hande van die siel om haar liggaam te bestuur in die buitewêreld. As die liggaam nie die sintuie sou gehad het nie, sou dit vir die siel totaal onbruikbaar en `n ondraaglike las gewees het.

[5] Stel jou maar nou `n mens voor wat volledig blind en doof sou wees, niks sou voel, geen pyn, nog die aangename van gesondheid en wat ook geen reuk en

geen smaak sou hê nie, sê dan eers self of die siel met so `n liggaam iets sou kon aanvang! Sou sy, as haar bewussyn verder volledig en helder was, nie totaal in vertwyfeling verval het nie?

[6] Maar eweseer sou die gevoeligste, liggaamlike sintuie vir die siel geen nut gehad het as hulle nie self in haar eteriese liggaam presies dieselfde sintuie sou hê nie! Omdat die siel dieselfde sintuie het as die liggaam, neem sy ook maklik en ongetwyfeld met haar fynere sintuie waar wat eerste deur die liggaamlike sintuie in die buitewêreld waargeneem word. - Nou weet jy dat die siel ook `n liggaamlike vorm het.

[7] Jy weet dit nou omdat ek jou vertel het hoe ek dit nou sien, voel en liggaamlik ondervind. As ek egter weer ontwaak, sal jy dit nog weet, maar ek sal niks daarvan weet nie, omdat ek dit nou maar net met my fynere sielsintuie sien en voel en ondervind - en nie ook met my liggaamlike sintuie nie.

[8] Sou ek dit alles nou ook met my liggaamlike sintuie waargeneem het, dan sou dit op my geheue-senuwees en dienooreenkomstig op die lewen-senuwees van die liggaamlike hart sekere tekens grafeer het en ek, as siel, sou hulle dan in my stoflike liggaam terugvind en geheel en al herken. Maar omdat ek nou byna heeltemal vry is, sonder enige samehang met my liggaam en geen kontak het met die sintuie van my liggaam nie, sal ek na die terugkeer in my liggaam niks van alles weet wat ek nou sien, hoor en voel en sê nie, en van alles wat daar nou met my gebeur het nie.

[9] Die siel het egter ook self `n herinneringsvermoë en kan haar daarom ook die minste of geringste herinner wat daar met haar gebeur het, maar dit kan sy slegs in `n vrye toestand doen. Bevind sy haar egter in die liggaam, wat haar heeltemal van die lig afskerm, dan sien, hoor en voel sy slegs die growwe en alles-oorheersende, luidrugtige, ruwe indrukke, wat al die geestelike uitdoof. Haar eie aanwesigheid neem sy dikwels nouliks voldoende waar om haar bewus te maak dat sy bestaan, laat staan nog dat sy van die hoëre en diepere geestelike indrukke wat in haar aanwesig is, iets sou waarneem.

[10] Jy het ook `n siel, soos wat ek self nou `n volslae vrye siel is; maar jy weet ook weinig of niks van jouself af nie. Die rede daarvoor lê in die duistere vlees waarmee elke siel `n tyd lank omhul is. Eers nou, omdat ek by jou deur die stem van my nog aktiewe, liggaamlike mond enige indrukke maak in die senu-wees van jou agterkop, en jy, as siel, nou deur die indrukke dieselfde oertekens in jouself lees, weet jy nou ook as siel en nie as liggaam nie, dat jy `n siel het en op grond van jou denke en wil self `n siel is waarvan die eteriese liggaam dieselfde vorm het as jou stoflike liggaam.

[11] Verwonder jou dus nie daaroor as ek nou vir jou sê dat ek straks by my ontwaking in die aardse lewe niks meer sal weet van alles wat ek jou nou gesê het nie, want ek het jou die rede daarvoor uitgelê!"